# Vrydag



Lees Johannes 19:17-30
Bid saam. Sê vir Jesus dankie dat hy vir ons aan die kruis gesterf het.

# Woensdag



Lees Matteus 27:15-26
Hoe dink julle het Barnabas die volgende dag gevoel? Jesus het ook in ons plek gesterf. Hy het ons straf gedra. Vertel vir mekaar hoe julle dit verstaan. Hoe laat dit julle voel?

# Saterdag




Môre is 'n baie spesiale dag!
Ons noem dit P____sf____s.
Ons vier fees, want Jesus het uit die dood opgestaan! Kan julle die Geloofsbelydenis uit julle koppe uit opsê? Lees Johannes 20:1-18
Beplan hoe julle môre gaan feesvier.

# Donderdag



Lees Matteus 27:27-31
Jesus word gespot en geboelie.
Vertel vir mekaar hoe hierdie deel van die verhaal jou laat voel.

# Dinsdag



Lees Matteus 26:36-46
Jesus is bang vir wat nou gaan gebeur.
Vertel van 'n keer wat jy bang was. Kyk wat doen Jesus wanneer hy bang is. Wat leer dit jou – wat kan jy doen wanneer jy bang is?

# Maandag



Lees Johannes 12:1-3 terwyl jy aan iets lekker ruik.
Marta salf Jesus se voete om vir hom te wys dat sy hom lief het. Sy sê vir hom dankie dat hy haar boetie Lasarus weer lewendig gemaak het. Waarvoor wil jy vir Jesus dankie sê?